## REDAKSIONEEL

# 'N NUWE JAAR EN 'N NUWE BAADJIE

Die nuwe omslag kom as antwoord op die klagte dat wit so maklik vuil smeer. Ons hoop dat die nuwe baadjie algemene tevredenheid sal gee en in die tyd van desimalisasie ook ons eerste halwe tien verjaarsdag sal afmerk. Ons dank die Here dat ons hierdie nuwe jaargang met vertroue die lig kan laat sien. Danksy mooi donasies van kerkrade en gewillige vooruitbetaling van intekengelde gaan *In die Skriflig* kerngesond 1972 in om diens te lewer aan ons Teologiese Verenigings en die uitbouing van die Gereformeerde Teologie. Mag dit so 'n beskeie bydrae lewer aan die loop van Gods Woord in die wêreld en die Here ons ook in ons voorneme laat slaag.

## Boekbespreking

Dit spreek vanself dat boekbesprekings van groot belang is vir enige wetenskaplike vereniging. *In die Skriflig* ontvang af en toe 'n boek vir bespreking en die redaksie wil resensente vriendelik bedank, maar tegelyk ook vra dat boeke wat uitgegee word vir bespreking asseblief bespreek moet word.

Tweedens moet ons die feit konstateer dat ons geen boeke van oorsese uitgewers vir bespreking ontvang nie. Nietemin verskyn daar gedurig baie belangrike boeke. Ons wil in die eerste plek aan die hand doen dat takke wat na voordragte soek, dergelike boeke uitkies en deur een van hulle lede laat opsom en bespreek. Van ons predikante het baie waardering vir die opsommings en besprekings en gesê: „Ons het nie die tyd om so wyd te lees nie en die goeie besprekings laat ons nou ook byhou by wat op die mark kom . . ." Kortom, laat die G.T.V.-takke boeke op hulle samekomste bespreek en laat hulle vir ons dergelike besprekings vir publikasie aanstuur. Ons kan nie besprekings beperk by boeke wat vir resensie gestuur word nie.

## Bedanking

Ds. T. T. Spoelstra het kennis gegee dat hy op 31 Maart sy diens by die Hammanskraalse Teologiese Skool beëindig en gevolglik ook nie meer *In die Skriflig* sal kan administreer nie. Die redaksie wil hom graag hartlik bedank vir die waardevolle en deeglike diens wat hy gelewer het, sodat ons kan sê dat die administrasie volkome op datum is.

Die adres van die administrasie bly nog tot nadere kennisgewing: *Posbus 59, Hammanskraal.*

## Die jaarvergadering te Johannesburg

Die redaksie vestig graag die aandag op die G.T.V.-jaarvergadering wat vanjaar D.V. op Johannesburg gehou sal word.